## 4Januarie Markus 5:35-43 (vgl. ook Markus 9:2)

### *Ervaar die lewe saam met Christus hierdie jaar*

Een van die mees opmerklike gebeure van die wat saam met Christus was, is hoe Jesus deur die hele proses hulle en ons leer wat dit beteken om werklik naby Hom te wees. Tydens die genesing van die dogtertjie van Jaïrus, een van die raadslede van die sinagoge, kom hierdie waarheid pragtig na vore. Toe Jesus hierdie ontstellende tyding van die dood van die dogter verneem het, staan daar in vers 37: Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus en Johannes die broer van Jakobus toegelaat om verder saam met Hom te gaan nie". En ook in vers 40: "Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het net die pa en die ma van die kindjie en die drie dissipels wat by Hom was saam geneem en in die kamer ingegaan waar die kindjie was".

Voor hierdie klein groepie vind dan die wonder van lewendmaking plaas.

Vir die klein groepie rondom Hom, wat die ontvanklikste was vir die wonder van lewe (Jesus ken hulle en ons in die hart), gebeur iets voor hulle oë wat uniek was en altyd vir die ware gelowige uniek sal bly. Dit naamlik dat dié Here vir die wat werklik naby Hom leef en beweeg, lewenswondere weglê en beskik wat nooit op 'n ander manier ervaar sal kan word nie.

Wonder u soms waarom daar so min geloofskrag in u lewe is? Kom ons hoor opnuut God se Woord aan ons vir hierdie jaar: Vir die wat naby My bly, laat ek deel in die werklike lewe (vgl. Markus 4:25).

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)